

DIE REFORMATORIESE VERKONDIGING EN HEDENDAAGSE MENSBEKOUING

Prof. Dr. F. J. VAN ZYL

Gesien in die groter verband van die reeks temas wat met hierdie Predikantevergadering aan die orde gestel word, is die bedoeling om in hierdie voordrag die klem nie op die inhoud of op die vorm nie, maar primêr op die hoorder van die verkondiging te laat val. Hy is ontsaglik belangrik vir die verkondiging, hierdie hoorder. Sonder hom is daar geen verkondiging nie. Die verkondiging is uitsluitlik op hom gerig. Hy is 'n mens. En vir God is die mens belangrik. God openbaar Hom aan die mens. God wil nie sonder hom God wees nie. Daarom het Barth die mooi woord gespreek: dit kan wees dat daar Godlose mense is, maar daar is nie 'n mens-lose God nie. En dieselfde Barth gee toe dat die kerk in sy teologie die mens en hierdie wêreld maklik kan vergeet en dit inderdaad meermale gedoen het. Dan gebeur dit dat die kerk te on-wêreldlik en te on-menslik spreek. Om die belang van die mens te onderstreep: in die teologie wil Barth dan ook praat van „Theanthropologie”¹. Omdat die mens so belangrik in die teologie is en omdat daar nie van verkondiging gepraat kan word sonder die mens as hoorder daarvan nie, is dit altyd nodig en het dit vandag weer dringend noodsaaklik geword vir die kerk om besondere aandag aan hierdie hoorder van die verkondiging te gee. En die nood van die saak wat so dringend is lê daarin, dat ondanks die feit dat ons onself nou al etlike jare lank moed inpraat met die selfversekering dat die prediking in ons eie kerk van n besondere hoë kwaliteit is, en ondanks die feit dat die getalle op ons lidmateregisters dermate styg dat ons uiters bekommerd geraak het oor die groot predikante-tekort, ons aan die ander kant met die onrusbarende werklikheid sit dat die getal hoorders van die verkondiging tot 'n ontstellende klein getalletjie gereduseer is. Wat kan tog die rede wees dat die grootste persentasie van die lidmate van die kerk goeie christene is, baie verpligtinge, veral finansieël, teenoor die kerk nakom, fatsoenlik lewe soos wat die kerk verlang, maar vreemdelinge in die erediens is? Het hulle miskien gehoor, maar nie verstaan nie? En die minder as een-derde wat nog gereeld die verkondiging hoor, verstaan hulle?

1. Karl Barth, *Philosophie und Theologie*, artikel in *Philosophie und Christliche Existenz*, Festschrift für Heinrich Barth, Helbing & Lichtenhahn, Basel, 1960, p. 106.

Die mens as hoorder van die verkondiging is dus 'n baie belangrike tema en dis oor en oor die moeite werd, ja 'n saak van dwingende erns om aandag aan hom te gee. Maar dan is dit nodig om vooraf eers een en ander op te merk oor die plek wat die mens behoort in te neem in ons teologiese besinning sowel as in die verkondiging. Die mens is maar altyd 'n probleem, ook in die teologie en die verkondiging. En hy word problematies en veroorsaak allerlei probleme sodra hy homself eerste, in die middelpunt en as uitgangspunt stel. In die teologie het die beskouing oor die mens wel 'n legitieme plek, maar nooit as uitgangspunt nie, wel as volgende tema waarvoor daar ook gesprek moet word.

Die vraag is of 'n leer oor die mens, 'n mensbeskouing van welke aard ookal, wel noodsaaklik is vir sinvolle verkondiging. Dis hier waar die weë uitmekaar gaan. As ons hier van sinvolle verkondiging praat, het ons 'n wesenlike en sentrale moment in die Reformatoriese verkondiging aangeroe, want dit gaan in die verkondiging om verstaanbare spreke. Die Reformatoriese verkondiging wil nie godsdienstige gevoelens in 'n mens opwek ter versterking van die godsdienstige bewussyn nie, maar dit wil 'n boodskap meedeel, 'n blye boodskap waarvan Christus Jesus die inhoud is, aan die mens oordra. Dit wil geen losstaande Christusidee verkondig nie, maar die boodskap van Jesus van Nasaret en alles wat Hy was en gedoen het vir ons soos wat die Skrif getuig. Dis verkondiging van die Christus van die Skrifte. Reformatoriese prediking is dus Skrifuitleg en toepassing van sy boodskap in elke tyd en aan elke volgende geslag. Juis omdat dit Woordverkondiging is, Skrifuitleg en toepassing, is dit so verskriklik belangrik om daardie boodskap duidelik en verstaanbaar oor te dra aan die hoorders van die verkondiging. Dit is hierdie grondmotief van die Reformatoriese verkondiging, nl. die duidelikheid en verstaanbaarheid, wat ten grondslag lê van die teologie van Bultmann en sy volgelinge. Bultmann wil ook verstaanbaar spreek tot die moderne mens met sy moderne wêreldbeeld. Daarom wil hy die Bybelse boodskap in sy mitiese vorm en met 'n verouderde wêreldbeeld, ontmitologiseer, sodat die moderne mens dit kan verstaan. En teen so 'n onderneming kan daar nie beswaar bestaan nie. Maar die beswaar teen Bultmann is dat sy moderne mensbeskouing die inhoud van die verkondiging bepaal. Eers word bepaal wat vir die moderne mens aanneemlik is volgens sy wêreldbeeld, en dan word die gereduseerde waarheid van die skrif wat bevatlik is vir die moderne mens hom in die verkondiging aangebied. Maar dan gaan die mees wesenlike van die Skrifgetuienis wat

nie bevatlik vir die mens is nie, van watter tyd ook al, verlore. Dieselfde beswaar geld wesenlik die beskouing van Tillich. Volbena sy sg. korellasiemetode gaan dit om die filosofiese vrae wat los van die teologie gestel moet word, die vrae wat daar uit die eksistensie van die moderne mens opkom en geformuleer moet word, en die antwoorde wat die teoloog uit die Bybel op daardie vrae moet gee. Ook hier word die inhoud van die prediking bepaal deur die vrae wat daar by die hoorder daarvan sou bestaan. Die absurde waartoe dit kan voer word duidelik by die jongste verteenwoordigers van die Bultmann-gedagte: Paul van Buren en John Robinson. Omdat die moderne mens nog net oog en begrip het vir hierdie wêreld en omdat sy denke uitsluitlik bepaal word deur die positiewe, die voorhandene, die sigbare, daarom moet alles en ook God wat tot die ander wêreld behoort, uitgesluit word uit die prediking.

By Brunner is die probleem toegespits op die vraag na die aanknopingspunt. Vir hom gaan dit in die verkondiging om nood en hulp uit die nood. Eers moet die mens se oë vir sy nood geopen word, al die skynoplossings vir sy nood moet eers ontmasker word, al sy verkeerde vrae moet eers reg gestel word, en dan is die weg gebaan vir die evangelie en sy redende boodskap as antwoord op die vrae. Psigologies is dit seker belangrik om aandag te gee aan die vrae en insigte van die mens, maar teologies is dit nie sonder bedenking nie. Die grootste bedenking ook hier is dat die verkondiging die uitleg van die evangelie slegs rig na die behoefte en probleme van die hoorder, en die volle rykdom van Gods genade nie tot sy reg kom nie. Dit is ook nog 'n ope vraag of die mens oper en ontvankliker vir die evangelie sal wees as 'n mens vir hom sy nood en vrae bekendmaak. Die gevaar is miskien groter dat hy tog maar op eie krag sal terugval en self 'n antwoord op sy vrae sal wil gee en nie die evangelie sal aanneem as die enigste redding uit sy nood nie.

Die vraag is of kennis van die mens in sy nood dan van geen belang is vir die verkondiging nie. In hierdie verband is die droomgesig van Paulus in die hawestad Troas van belang. Hy sien 'n Macedoniër wat hom smeek en sê: Kom oor na Macedonië en help ons. Hier is 'n man van Europa wat as mondstuk van die mense van hierdie wêrelddeel 'n smeekstem om hulp laat hoor. Brunner se siening van die verkondiging as hulp in nood is dus nie van alle grond ontbloot nie. Die verskil is egter daarin geleë dat hierdie roepende Griek nie die verteenwoordiger van die nood is wat die Macedoniërs subjektief gevoel het en van bewus was nie. Europa van daar-

die tyd soos ook daarna het alles gehad wat hom blykbaar tevrede met homself laat leef het : hy het godsdiens gehad en hy het kultuur en beskawing gehad, kuns en wysbegeerte. Ook die apostel Paulus het nie geweet wat die nood van Europa was nie. En tog word hy bewus gemaak van die nood van die Macedoniërs : God openbaar dit aan hom. Die nood van hierdie mense is dat hulle sonder die evangelie is. Hierdie nood ken die Macedoniërs nie uit hulleself nie, daarom is daardie smekende gestalte verteenwoordiger van die nood van die mens van daardie tyd soos wat God hom gesien, gehoor en geken het². Dit gaan dus nie om die nood soos die mens homself moet sien en ken sodat die evangelie daarop 'n antwoord kan gee nie, maar dit gaan om die mens en sy nood waar die evangelie reeds die antwoord op gegee het, altyd weer gee en sal gee. Dis dan ook die sterk punt van Barth met sy byna eensydige beklemtoning van die soewereiniteit van die evangelie, dat ons ons nl. nie so seer moet bekommer oor die mens aan wie die evangelie verkondig word nie, maar eerder oor die **regte verkondiging** van die evangelie, of die verkondiging slegs van die **evangelie**. Die evangelie skeep vir hom self die gehoor deur die werking van die Gees. Waar daar deur die nuwe teologie van ons tyd weer geteologiseer en gepreek word vanuit die vrae wat deur die mens en die menslike eksistensie gestel word, sal dit goed wees om weer 'n keer goed na Barth te gaan luister wat leer dat die antwoord wat God in Christus gegee het eers die wesenlike vrae oproep en dat alle ander vrae wat ons van te vore stel onsaaklik is. Die verkondiging kan dus nie van die mens, nie van 'n antropologie, nie van die vrae en nood van ons eksistensie uitgaan nie, maar van die heil in Jesus Christus. Beter as die nuwe moderniste wat die evangelie wil bring as die antwoord op 'n menslike vraag, is dit om hom te bring as 'n goddelike vraag wat 'n menslike antwoord verwag.

Maar daarmee het ons met die mens nog nie klaar nie. 'n Antropologie as basis en uitgangspunt vir teologie en verkondiging moet afgewys word, maar tog is ons kennis van die mens in 'n ander opsig wel belangrik en noodsaaklik. Ons moet weet wie die hoorder van die verkondiging is, nie met die oog op die inhoud van ons boodskap nie, maar met die oog op die tuiskoms van daardie boodskap. Daardie smekende man in die gesig van Paulus kon wel geïdentifiseer word : hy het tipiese trekke gehad van die Griek waardeur hy onderskei kon word van 'n Asiaat. Hy was verteenwoordiger van mense met 'n

2. Dr. E. L. Smelik, *Gevraagde Postille*, Daamen N.V. Den Haag, 1965, p. 139.

bepaalde taal, kultuur en beskawing, godsdiens en filosofie. En as Paulus die evangelie aan hulle wil verkondig sal hy hom verstaanbaar moet maak in hulle taal en hom as 't ware geheel en al aan hulle moet akkommodeer of aanpas. Dit het Paulus iewers in een van sy briewe aangedui as hy sê dat hy vir die Jode 'n Jood en vir die Grieke 'n Griek geword het. Hy moes dit doen, want anders sou sy verkondiging nie tuisgekom het nie. Dat daar geloof sal kom op die verkondiging van die evangelie is God se uitsluitlike werk, maar die vorm en taal waarin die evangelie gebring word is ons verantwoordelikheid, ons moet nl. op die beste wyse tot ons beskikking spreek, sodat die boodskap volledig afgelewer kan word by die hoorder. En met die oog op die aflewering van die verlossingsboodskap aan die moderne mens is dit belangrik om ag te slaan op die hedendaagse mensbeskouing. Nou sou 'n mens die moderne antropologie kon ontleed en aantoon hoe dit van die Bybelse beskouing oor die mens afwyk. 'n Mens sou lank kon uitwy oor die moderne opvatting oor die waardigheid van die mens wat deur christen en nie-christen as dié kwaliteit by uitnemendheid van die mens aanvaar word. Maar daarvan sien ek af omdat ons dit reeds verwerp het om vanuit die antropologie die inhoud van die verkondiging te bepaal. Maar die mens van vandag, die mens wat geskape is na die beeld van God, hoe ons dit ook mag verstaan, die mens met waardigheid, want as Gods skepsel is hy waardig en het hy waarde, hoe ons dit ook mag verstaan, die mens wat in sonde geval en sondaar is en vir wie Christus gesterf het en opgewek is — hy lewe in ons moderne wêreld van wetenskaplike en tegniese ontwikkeling, hy lewe in die samehoping van mensemassas in die stede, hy lewe in 'n wêreld wat rewolusie op rewolusie deurgemaak het en tans in 'n rewolusie hom bevind. Hoe lyk hierdie mens, hoe word hy of is hy reeds bepaal deur die moderne wêreld en sy gebeurtenisse, waar bevind hy hom, wat is die inhoud van sy gedagtes en hoe kan die kerk op die beste en doeltreffendste wyse die evangelie by hom aflewer? Of in die taal van Paulus: hoe kan ons vir die moderne mens 'n moderne mens word, of nog anders: wat is die kenmerke van 'n gesekulariseerde mens in 'n gesekulariseerd wêreld, want dit is die wêreld en mens waarmee ons vandag te doen het. Dit is 'n saak van ontsaglike erns vir die kerk vandag. Van Leeuwen reken dat die rekenskap wat die kerk hom van hierdie saak moet gee die oog van die naald is waar die kerk sal moet deurgaen as hy in die koninkryk van God wil

3. I Kor. 9:20-22.

ingaan⁴. Vanselfsprekend sal ons nie uitvoerig kan uitwei oor so 'n omvattende verskynsel nie, maar enkele hooflyne moet aangestip word om die hedendaagse mensbeskouing enigszins te verstaan.

Sekularisasie⁵ is miskien een van die mees tipiese kentekens van ons tyd. Die bekende en algemeen sigbare verskynsels wat daarmee gepaard gaan is 'n voortgaande verwêreldliking en ontkerkliking van feitlik alle gebiede van die samelewing: ekonomie, politiek, wetenskap, kuns, sede. Almal wat hierdie proses ontleed kom tot die konklusie dat 'n afname in die mag en gesag van die kerk daarmee gepaard gaan, en daarmee natuurlik, so reken die buite die kerk, ook die gesag van die Heer van die kerk. Dit ly geen twyfel nie dat die kerk in hierdie proses verliese moet erken. Tot so om en by die tweede wêreldoorlog is sekularisasie dan ook beskou as 'n handlangster van die antichris wat sedert die renaissance veral in gestalte toegeneem het en die groot oorsaak geword het dat die geloof van miljoene vermoor word en dat die getalle van die aanhangers van godsdiens en kerk algaande aan die krimp is. Sekularisasie beteken dieselfde as leë kerke, minder katkisanter, minder dopelinge, minder teologiese studente. Al meer word hy uit die wêreld geskuiwe, die kerk, en met hom die God van die kerk. Sekularisasie het 'n program van die kommuniste geword waarmee hulle die kerk aktief beveg het, hom in sy magsgebied verbied het om die evangelie te verkondig en met sukses die leer versprei het dat godsdiens 'n soort verdowingsmiddel is wat mense verslaaf sodat hulle geen weerstand kan bied teen uitbuiting en minderjarigheid waarin hulle gehou word nie en maar slegs passief wag vir die hemel waar die vergoeding wag op hulle eindelose geduld en verdraagsaamheid onder uitbuiting en verdrukking. Geen wonder dat sekularisasie die groot spook geword het in ons christelike westerse wêreld en dat die getroues opgeroep is tot die loopgrawe om teen die aanrukkende magte van die duisternis teen God en sy kerk weerstand te bied nie. Die kerk begin met 'n teenaksie want die hele linie van sekularisasie oor ekonomie, politiek, wetenskap en kuns word as 'n dreigende vyandige front beoordeel. Ondanks die brawe onderneming van die kant van die kerk, moet die ontstellende uitkoms van die stryd aanvaar word: die kerk het neerlaag op neerlaag gely. Dit het die vraag laat ontstaan of die proses van sekularisasie

4. A. Th. van Leeuwen, *Christianity in World History*, Edinburgh House Press, 1964, p. 412-414.

5. Jan Millic Lochman, *Herrschaft Christi in der Säkularisierten Welt*, Theologische Studien, Heft 86.

nie ook anders as net negatief en afwysend gewaardeer moet word nie.

Sedert die tweede wêreldoorlog kom daar 'n verdieping in die besinning oor die betekenis van die sekularisasie. Dit begin na uitsprake van Bonhoeffer met 'n definisie van Gogarten, wat sekularisasie omskrywe as 'n vermistorisering van die menslike bestaan. Daarmee bedoel hy dat die mens losgemaak word van die sikliese bestaan wat gebonde is aan die kringloop van die natuur, en op pad gesit word na 'n bestemming. Berkhof⁶ beskrywe mooi hoedat Israel die sin, d.w.s. die doel van die geskiedenis ontdek het, deurdat God in sy bestaan ingryp en dit losmaak van die natuurgebondenheid, Israel op pad sit na die beloofde land toe en so sin aan sy bestaan gee omdat daar juis doel in kom. Van Leeuwen⁷ probeer 'n Bybelse interpretasie van sekularisasie te gee. Dit begin by Israel. Israel is vanweë die boodskap wat hy dra 'n protes teen die buite-Israelse lewenspatroon waarvan die grondprinsiep is die beskouing dat God, mens en wêreld een groot omvattende geheel is. Dit beteken dat die heelal (kosmos) geregeer word deur 'n allesomvattende orde van harmonie tussen die ewige en die tydelike, die goddelike en die menslike. Hierdie goddelike orde word geïdentifiseer met die natuur en met die gemeenskap, die staat, die owerheid, sodat ons in hulle te doen het met groothede wat inherent goddelik is. Daar word 'n soort goddelikheid op en in alles gelê. Hierdie goddelike orde lê ten grondslag van die sosiale instellings ook sodat alles 'n sakrale karakter kry waarmee nie geknoei moet word en wat nie verander mag word nie. Uitdrukking van hierdie grondgedagte van eenheid tussen hierdie wêreld en die ander wêreld, kry ons in die Ou Testament met sy verwysing na die toring van Babel, wat die sinspeling is op die tempeltoring, die Ziggurat van die Babiloniese ryk, as simbool van die eenheid en plek van aanraking tussen hemel en aarde. Hierteen is die boodskap van die Ou Testament 'n protes. Die toring van Babel is nie voltooi nie. Hy het net 'n voetstuk, maar nie 'n top nie. Die boodskap wat Israel en later die kerk dra, is dat God die skepper van die wêreld is, en dat die natuur en die sosiale instellings almal tot die geskape werklikheid behoort en dus nie goddelik is nie. Die wêreld word ontgoddelik, en slegs as wêreld gesien, en alle instellings in die wêreld word gedesakraliseer. Dit het onberekenbare gevolge gehad: die natuur word nou vrygemaak om voorwerp van menslike ondersoek te word, begin van wetenskap en

6. H. Berkhof, *Christus de zin der Geschiedenis*, Callenbach, Nykerk,

7. A. Th. van Leeuwen, a.w. p. 46-96.
1959, p. 33v.

tegnologie. Die mens word bevry van die heerskappy van demoniese magte, bevry van die eeue-oue lewenspatrone waarin hy vasgevang was en die moontlikheid van 'n nuwe lewensvorm in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, word geskep. Oral waar die boodskap van die Bybel gehoor en geglo word, vind die deurbreking van die ou buite-christelike, sakrale, lewenspatroon plaas, sodat Berkhof kan sê : sekularisasie is die voortsetting van evangelisasie.

Maar sekularisasie beteken nie slegs bevryding nie. Dit bring ook nuwe knegskap. En dit gebeur wanneer die vrugte van die evangelie en die vrugte van die sekularisasie gesien en geniet word sonder die boom wat hulle dra. Die bevryding van die magte beteken nie diens van die ware bevryder nie, maar die diens van nuwe gode. En die vernaamste daarvan is die sekularisasie self. Die proses van sekularisasie self word nou die voortgaande self-ontvouing van die waarheid, dit word verabsoluteer en vereer. Dan kry 'n mens sekularisme wat die ont-aarde vorm van sekularisasie is. Waar sekularisasie metafisiese werklikhede nie ontken nie, ontken die sekularisme hulle bestaan geheel en al. En dan het 'n mens met 'n gesekulariseerde mens te doen, nl. een wat glo in die ideologie van die sekularisme.

In sy baie prikkelende boek, **Christianity in World History**, argumenteer Van Leeuwen dat al die veranderings wat vandag in die wêreld plaasvind, 'n teken is dat ons aan die einde van 'n tydvak gekom het. Die tegnologiese rewolusie van ons eeu word vergelyk met die Neolitiese rewolusie wat die primitiewe stadium van die landbou ingelui het en wat die grondslag gevorm het van al die beskawings in die ou en nuwe wêreld. Die wêreldwye tegnologiese rewolusie neig na een wêreldbeskawing. Dit is 'n unieke gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld, dat een beskawing, en wel die Westerse beskawing, besig is om die hele wêreld te verower. Maar wat nog belangriker is as die beskawingsuitbreiding, is die feit dat 'n nuwe tipe mens aan die kom is, wat voorlopig nog aangedui word as die **vierde mens**. Die toekoms sal grootliks van hom afhang.

Dis hierdie **vierde mens** wat ons nader sal moet beskrywe as ons die hedendaagse mensbeskouing wil begryp. Hy is die mens wat uit die proses van sekularisasie na vore tree. Hoewel sy gestalte nog nie duidelik is nie, kan sy profiel reeds opgemerk word teen die skemering van die nuwe era in die geskiedenis van die mensheid. As ons 'n poging aanwend om hom te beskrywe, moet ons begin by die man wat sy beeld die eerste opgemerk het en 'n beskrywing van hom gewaag het : Dietrich

Bonhoeffer. Hy noem die wêreld wat deur die proses van sekularisasie gegaan het, en daarmee bedoel hy ook die mens, 'n mondige wêreld en 'n mondige mens. Die mondige mens tipeer hy verder as 'n wêreldlike, of miskien nog duideliker as 'n aardse mens. Die mondigwording van die mens is geleë in die prysgawe van 'n valse konsepie van God, sodat daar plek kan kom vir die God van die Bybel. Sy beswaar teen al die godsdienste buite die christendom, en daarin lê ook die verskil tussen hulle, is dat e.g. God gebruik as 'n Deus ex machina, want in sy godsdienstigheid sien die mens in sy nood altyd uit na die mag van God in die wêreld. God word gemaak tot die antwoord op ons lewensvrae en die oplossing van ons lewenskonflikte en -ellende. Hy word 'n werkhipotese. Maar so is die God van die Bybel nie. Volgens Bonhoeffer is ons in hierdie wêreld voortdurend voor God en met God en leef ons sonder God. God laat dit toe dat Hy uit die wêreld uitgeskuiwe word tot aan die kruis. In hierdie wêreld is God magteloos en swak, en dit is presies die manier, en die enigste manier waarop Hy met ons kan wees en ons kan help. As Matt. 8 : 17 sê : Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra, is dit kristalhelder dat Christus ons nie in sy almag help nie, maar deur sy swakheid en lyding. En wat die wêreldlikheid van die mens betref, wil Bonhoeffer dit onderstreep dat die Bybel 'n wêreldlike boek is omdat sy hoof interesse in die dinge is wat op die aarde gebeur. Ons mense is uit die aarde geneem en God gee ons 'n taak op die aarde : die mens moet die aarde bewerk waaruit hy gemaak is en hy moet die aarde onderwerp. Ons kom nie uit die hemel nie en verwag die ewige lewe ook nie in die hemel nie, want ons verwag 'n nuwe aarde. Die Christus. in Wie dit alles openbaar word, het sy bepaalde woonplek op die aarde, in 'n bepaalde land, onder 'n bepaalde politieke sisteem. Hy dra die klere van sy tyd, praat die taal van sy land en onderrig in die gebruikelike metodes van sy tyd en tydgenote. Dis die aardsheid van die verhaal van die vleeswording wat Bonhoeffer laat sê dat die evangelie wêreldlik is. Dis konkreet. Dit het nie met die metafisiese of spekulatiewe te doen nie. Die profete roep Israel voortdurend terug van metafisiese spekulasies tot die getuienis van dié God wat konkreet in die geskiedenis handel. Hy verlang van hulle nie ingewikkelde religieuse praktyke nie, maar betoning van barmhartigheid as getuienis teenoor die volke dat hulle God barmhartig is. Bonhoeffer wil terugroep na hierdie konkrete, sekulêre werklikheid, na 'n godsdienstlose christendom, en daarmee bedoel hy dat ons soos Christus moet lewe : vir ander.

Die mondigwording van die mens beteken vrywording van

metafisika en teologie. Dit beteken nie dat die moderne mens noodwendig 'n metafisiese realiteit ontken nie. Dit beteken alleen dat so 'n realiteit die mens nie meer kontroleer nie. Ook nie die kerk, die **metafisiese agent**, nie. In die Middeleeue was dit nog die geval. Kerk en teologie het die hele lewe gekontroleer: politiek, ekonomie, wet, onderwys, medisyne, sede, ens. Maar vandag het die kerk kontrole verloor oor menslike aktiwiteite en gedagtepatrone. Vandag is al daardie lewensgebiede onafhanklik.

'n Tweede kenmerk van die vierde mens is sy godsdiensloosheid. Dit het reeds geblyk uit die beskouing van Bonhoeffer, maar moet enigsins vollediger omskrywe word. Van Leeuwen⁹ sê dat godsdiens die hoeksteen van die menslike samelewing was soos wat ons hom tot nou toe geken en gehad het, van sy primitiefste tot sy hoogsontwikkelde vorm. In alle beskawings het godsdiens tot nou toe 'n onontbeerlike en oorheersende rol gespeel. In die westerse beskawing het die christendom die rol van die godsdiens vervul. Die wetenskaplike en tegnologiese rewolusie het hierdie hoeksteen egter vir goed verwyder. Dit het reeds begin met die industriële rewolusie toe die moderne wetenskap die plek van die godsdiens begin inneem het. As Van Leeuwen hier van godsdiens praat, bedoel hy daardie omvattende orde waardeur al die sfere van die lewe onderling afhanklik van mekaar gestel word: ekonomies, sosiaal en religieus. In hierdie omvattende orde het alles sy bepaalde plek en verhouding tot mekaar: god, mense, sosiale instellings ens. Hierdie wêreld-en-mens-omvattende goddelike orde, tot nou toe die grondslag van die samelewing, is nou vir die eerste keer deurbreek. Ook die godsdienstige struktuur van die christendom is deurbreek. Kraemer¹⁰ het reeds in 1938 die aandag daarop gevestig, toe hy gesê het die Corpus Christianum is opgehef. Onder C.C. verstaan hy die onoplosbare eenheid tussen kerk, volksgemeenskap en staat wat vermeng is met die heidense ideaal van die godsdiens, nl. dat die godsdiens 'n kultus is wat deur die staat as sy grondslag erken word en daarom vir elke lid van die gemeenskap bindend en verpligtend is. Hierdie heidense opvatting is . . . in die Middeleeue met die christelike idee van die kerk versmelt. Deur die a-religieuse sekularisme is hierdie C.C. opgehef. Die vorige eeu het alles probeer om die godsdiens te red. Schleiermacher skryf sy „Reden über die Religion,” en probeer sy beskaafde veragters te oortuig dat die godsdiens nog

8. Dietrich Bonhoeffer, Letters and Papers from Prison, Fontana Books.

9. Van Leeuwen, a.w. p. 428.

10. H. Kraemer, The Christian Message in a Non-Christian World, 1938, p. 30.

altyd 'n plek in die mens het, en wel in sy „vrome gevoel”. Die 19de eeu was by uitstek die eeu van die godsdiens en die christendom, of liever christelike geloof was 'n bepaalde uiting van die godsdiens. Soos geloof aan die godsdiens, so het christelike teologie ondergeskik aan die filosofie geword. Dit was Barth veral wat weer bevryding gebring het en ook die godsdiens getipeer het as ongeloof omdat dit teenoor die genade van die openbaring self wil regverdig, verheerlik en heilig.¹¹

Godsdiens in die sin van 'n bindende en verpligte grondslag vir staat en maatskappy, in sy heidense en christelike vorm, geld dus nie meer vir die vierde mens nie. Sosiologiese ondersoek in Wes-Europa, veral in Frankryk, het die feit vasgestel dat daar 'n groeiende getal mense is in wie se lewe kerk en Bybel geen rol meer speel nie en dat daar selfs 'n nuwe gemeenskap wat a-religieus is, besig is om naas die kerk te ontwikkel.¹²

'n Besondere kenmerk van die vierde mens is deur Hoekendyk¹³ geskets. Hy noem hom post-christelik. Dit beteken nie dat hy onchristelik is nie, maar alleen dat die christendom vir hom nie meer relevant is nie. Gewoonlik versier die na-christelike mens sy lewe nog met christelike oorblyfsels en hy hou nog aan sekere gebruike vas, soos doop en aanneme, maar eintlik het dit vir hom sinloos geword. Wat oorgebly het is eintlik net 'n karikatuur van die christendom. Eintlik het hy net genoeg gekry om hom immuun te maak. Margull het in 'n ander verband na-christelikheid in die geval van 'n godsdiens as volg omskrywe:¹⁴ dis nie sonder die christelike erfenis nie en kan i.g. selfs hoog waardeer, maar Jesus Christus het daarin slegs ondergeskikte betekenis vir die heil van hede en toekoms. Eintlik is Christus oortref en behoort tot die verlede, en wat die toekoms betref is die hoop op iemand anders.

Eintlik sê Margull dat daar nie meer hoop is nie, want dit impliseer 'n toekoms wat God bring, maar slegs nog verwagting, en dit impliseer 'n selfstandige menslike skepping van die toekoms. Kenmerkendste is miskien die hoop van die wetenskaplike humanis: die mens is in laaste instansie o.g.v. sy wetenskaplike prestasies in staat om met al die hindernisse klaar te

11. Marth, K. D. I(2) p 304-397.

12. H. J. Margull, *Theologie der Missionarischen Verkündigung*, Evangelischen Verlagswerk, Stuttgart 1959, p. 172-185.

13. J. C. Hoekendyk, *De Kerk Binnenste Buiten*, W. ten Have, Amsterdam 1964, p. 56v.

14. Margull, *Aufbruch zur Zukunft*, Götersloher Verlagshaus, Gerd Mohn, 1962, p. 108.

speel wat tot dusver die weg van sy drang na geluk versper het.¹⁵

Behalwe post-christelik, karakteriseer Hoekendyk die vierde mens ook nog as post-kerklik, waarmee hy bedoel dat die n-christelike mens die taal van die kerk nie meer verstaan nie en wars is van alles wat met die kerk te doen het, veral die ampsdraers van die kerk. Die predikant word spottend „'n handelsreisiger in plegtighede” genoem. Hy noem die moderne of vierde mens ook nog post-persoonlik om aan te dui dat ons vandag met die massamens te doen het wat hom in 'n eiesoortige gemeenskap, gewoonlik a-religieus, bevind, waarin hy nie meer persoonlik aangespreek kan word nie, en dat 'n mens jou in die prediking dan tot die kollektivum en nie tot die individu moet rig nie.

Voordat ons die tipering van die sg. vierde mens beëindig, nog net 'n verwysing na 'n vorige opmerking, nl. dat die sekularisasie kan ontaard in die ideologie van sekularisme. Dan word die sekularisasie verabsoluteer en in homself die openbaring van die waarheid. Die aanhanger van hierdie ideologie is die gesekulariseerde mens, 'n mens wat onder die een juk van diensbaarheid uit in 'n ander gaan. Dis die mens wat God dood verklaar en weier om te bid. Hy spreek van die ontdemoniseerde wêreld, die sekulêre wêreld dus, asof dit nou sonder God is. Dis in hierdie verband dat Berkhof van sekularisasie praat as 'n christelik-antichristelike verskynsel, van die kind van die sending wat hom vroeër of later teen sy moeder, die kerk, keer.¹⁶

Dit dan is enkele trekke van die nuwe mens wat opkom uit ons gesekulariseerde wêreld, ons eeu met sy geweldige wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling. Dit is die mens van die toekoms waarmee die kerk in die verkondiging te doen sal hê. Bonhoeffer, Gogarten, Bultmann, Tillich, Robinson, Van Buren e.a. het dit in hulle teologie met hom te doen. Dit gaan vir hulle om die vraag na die sinvolle verkondiging aan hierdie mens. En alhoewel hulle teologiese antwoord verwerp moet word omdat hulle die verkondiging wil laat aanpas by die behoeftes van die mens, het hulle tog 'n vraag en 'n saak aan die orde gestel wat nie sonder meer van die kerklik-teologiese tafel van ons dag gereël kan word nie. Die gestalte van hierdie vierde mens is nog nie baie duidelik nie, maar dit omtrent hom moet blykbaar sonder teëspraak aanvaar word, dat sy smeekstem om hulp tot ons kom oor 'n Dardenelle wat sy wêreld skei van ons bekende wêreld-van-die-kerk. Ons sal moet oorgaan na hom toe as ons

15. Marfgull, a.w., p. 282.

16. Berkhof, a.w., p. 85, 86.

hom wil help : m.a.w. die kerk sal in evangeliese bewoënhed die sendingsreis na hom toe moet onderneem. Aan die begin van ons eeu was daardie sendingland nog beperk tot drie kontinente: Afrika, Asië en Suid-Amerika. Vandag, word algemeen aanvaar, het die kerk 'n sendingstaak in ses kontinente. Die vierde mens en sy gesekulariseerde wêreld is ook die mens en wêreld vir wie Christus gesterf het. Hulle is ook die objek van Gods Liefde. Die sekularisasieproses het ten gevolg gehad dat die mens en sy wêreld besonderlik in die sentrum van belangstelling gestel is. Die wêreld het vandag niks meer geword as 'n nietige planeet waarop miljoene mense woon onder die swaard van selfvernietiging deur sy eie dodelike wapen. Die mens en sy sosiale toestand, sy vryheid en sy voorspoed, sy lewe op die aarde, het die een en die al geword. En hoewel ons die „secular meaning” wat van Buren e.a. aan die „gospel” wil gee moet verwerp, sal die kerk in sy verkondiging seker nie kan nalaat om ook die volle lig te laat val op die mens in sy aardse en sosiale verhoudings nie. Die kerk het 'n taak op die sosiale vlak, maar so dat hy nie ideale sosiale verhoudinge as antisipasie of realisasie van die Koninkryk van God sal beskou nie, maar as barmhartighedsdiens waarmee hy besig moet wees in afwagting van die Koms van Sy Heer, wat self die Koninkryk bring. Op hierdie terrein wag daar vir die kerk nog baie besinning. En ten slotte is daar nog m.i. hierdie baie belangrike saak waaroor ons so gou moontlik duidelikheid sal moet kry, nl. wat die verhouding is van kerk, christelike geloof, christelike godsdiens, christendom en westerse beskawing. Daar moet beslis onderskei word tussen kerk en christendom, veral in hierdie tyd van sekularisasie. Die vraag is of baie van die mense wat ons by die kerk reken nie dalk slegs tot die christendom behoort, wat weer in nouer verband miskien met ons westerse beskawing staan as met die kerk as sodanig. Dit is maar enkele sake wat ons ernstige aandag rondom die probleem van ons tema verdien. Een ding is seker, daar het groot veranderinge in ons wêreld plaasgevind en hy is besig om te verander. Die gevaar is net dat ons dit nie raaksien nie en maak en lewe en dink asof alles nog is soos dit altyd was en maar moet bly soos dit was. En as ek met hierdie voordrag slegs daarin geslaag het om u bewus te maak van die groot vrae wat daar op die kerk wag vir verantwoordelike besinning, sal dit vir my 'n oorsaak van groot vreugde en dankbaarheid wees.
